



## Die Boere-Afrikanervolk se eis om Selfbeskikking

¶ Namens en in opdrag van die Boere-Afrikanervolk, wat begeer om sy nasionale vryheid en selfstandigheid te herstel, en in biddende opsien na die heilige God van hemel en aarde, verklaar ons, die lede van die demokraties verkose Boere-Afrikanervolksraad:

### **Die oorsprong van ons volk**

1. Die bestaan van die Afrikanervolk, ofte wel die Boerevolk, is aan die internasionale volkeregemeenskap bekend.<sup>1</sup> In hierdie verklaring verwys ons na dié volk as die *Boere-Afrikanervolk*.<sup>2</sup>
2. Hierdie volk het ontstaan uit nedersetters vanuit Europa wat hulle gedurende die 17de eeu aan die suidpunt van Afrika gevestig het. Hier het hulle ontwikkel tot 'n volk met 'n bepaalde taal, geskiedenis, Bybelse geloof, afkoms, tradisie, eie waardes, kultuur, vaderland, eie identiteit en etiese bewussyn, wat hom van alle ander volke op aarde onderskei.

### **Historiese agtergrond**

3. Die Boere-Afrikanervolk het sedert sy wording as volk regmatig 'n eie vaderland in Suid-Afrika verwerf deur leë grond te beset, grond van ander volke en stamme wat hulle hier te lande gevestig het, te koop en te ruil, en in enkele gevalle grond van sodanige volke en stamme deur wie hulle aangeval is, te verower. Op hierdie vaderlandse bodem het hulle onafhanklike Boererepublieke, en uiteindelik die Republiek van Suid-Afrika gevestig.
4. Op sy vaderland het die volk sy stempel afgedruk deur die vestiging van 'n Westerse beskawing met sy eiesoortige beskawingsprodukte soos die argitektuur, regstelsel, onderwys en opvoeding, gesondheidsdienste, ekonomie, finansies, mynbou, kommersiële landbou, industriële ontwikkeling en alle ander produkte wat dié beskawing kenmerk. Die Afrikaanse name van die plase, stede en plekke, riviere en berge, plante en diere in Suid-Afrika, die kerkgeboue in elke dorp en stad en die grafte van ons voorgeslagte in dié bodem is getuie van ons volk se besetting en ontwikkeling van 'n eie vaderland.

---

<sup>1</sup> Die Boere-Afrikanervolk se herkoms, geskiedenis en staatkundige ontwikkeling is so volledig en deeglik geboekstaaf en op ander wyses bevestig dat dit onnodig is om 'n omvattende relaas daarvan hier te gee.

<sup>2</sup> In die internasionale wêreld was die volk van die Boererepublieke 'n eeu of meer gelede populêr bekend as die Boerevolk. Ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en die verdwyning van die Republieke het die benaming Afrikanervolk, wat ook reeds van die begin van ons volkswording af in gebruik was, meer gebruiklik geword.

5. Die voorgenoemde Republieke het 'n volwaardige plek in die internasionale galery van vrye volke beklee, waar hulle internasionale erkenning geniet het, 'n party was tot talle internasionale verdrae, oorloë gevoer het en diplomatieke en ekonomiese bande met ander state gehad het.<sup>3</sup>
6. Inboorlingstamme uit Afrika wat suidwaarts oor die Limpopo migreer het, het ook dele van Suid-Afrika beset en daar as eie volke gevestig. Sodoende het, sedert die begin van die menslike besetting alhier, verskillende volke in Suidelike Afrika langs mekaar geleef en bestaan. In die Swart volke se vestigingsgebiede het hulle hoofsaaklik 'n bestaansboerdery bedryf of 'n nomadiese bestaan gevoer. Ontwikkeling soos wat in die Boere-Afrikanervolk se vaderland plaasgevind het, het dáár grootliks agterweë gebly.
7. In 1806 het Brittanje die Kaap finaal beset en gekoloniseer. In daaropvolgende jare is die Boere se grondgebied telkens met geweld deur Brittanje afgeneem en tot die Britse Ryk toegevoeg.<sup>4</sup> So is Natal in 1843 van die Boere afgeneem, die Vrystaat in 1848; die Diamantvelde in 1871 en die Zuid-Afrikaansche Republiek, waarvan die onafhanklikheid 25 jaar tevore deur Brittanje erken is, in 1877. Ná bykans vier jaar se vrugtelose pogings om die anneksasie van Transvaal vreedsaam ongedaan te maak, het die Eerste Vryheidsoorlog uitgebreek en is die veroweraar se krygsmag verpletterend verslaan.
8. Eweneens is ander volke en stamme wat in Suidelike Afrika gevestig was, ook aan Britse gesag onderwerp — soms met geweld, en soms uit eie keuse.
9. Gedurende 1899-1902 het die Britse Ryk 'n vernietigende oorlog teen die Boererepublieke gevoer en hulle verower. Tienduizende weerlose vrouens en kinders is op barbaarse wyse in konsentrasiekampe vermoor, en deur 'n verskroeiende aardebeleid is die land in 'n wildernis omskep. Afrikaners in die Britse kolonies wat met hulle bloedverwante in die Republieke gesimpatiseer het, is ewe meedoënloos as die Boere behandel. Dit was 'n berekende volksmoord wat ten doel gehad het "*to wipe out the last traces of Afrikaanderism*" soos die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en Goewerneur van Transvaal en die Oranje Vrystaat, lord Alfred Milner dit uitgedruk het.
10. In 1910 is die Britse kolonies in Suid-Afrika, die verowerde Boererepublieke en sommige gebiede van ander volke en stamme wat op daardie tydstip onder Britse gesag gestaan het, staatkundig in die Unie van Suid-Afrika verenig.<sup>5</sup> Deur die verloop van die geskiedenis het die Boere-Afrikanervolk die politieke oorhand in die Unie gekry.
11. Mettertyd is die Dominiums van die Britse Ryk, waaronder die Unie van Suid-Afrika, op gelyke voet met ander lede van die internasionale gemeenskap geplaas en erken. As selfstandige staat was Suid-Afrika in 1945 'n medestigter van die Verenigde Nasies, en het dié land sy rol in die internasionale gemeenskap op volwaardige wyse vervul.
12. Op 31 Mei 1961 het die Unie van Suid-Afrika 'n Republiek buite die Britse Statebond geword. Die Republiek van Suid-Afrika is deur die internasionale gemeenskap erken en aanvaar.

---

<sup>3</sup> Die eerste verdrag waardeur die Emigrante Boere ten noorde van die Vaalrivier se nasionale vryheid en onafhanklikheid erken is, is tussen Brittanje en afgevaardigdes van die Boere gesluit op 17 Januarie 1852. Dit was bekend as die Sandrivier Konvensie.

<sup>4</sup> Die Boere-Afrikanervolk het dus in Suid-Afrika 'n eie, onafhanklike vaderland gehad. Dit was in Natal, suid van die Tugela vanaf 1838 tot die Engelse anneksasie in 1843, in die Vrystaat vanaf 1854 – 1902 en in die Oor-Vaalse vanaf 1852 – 1877 en weer vanaf 1881 – 1902. Ná die oorlog van 1899 – 1902 is die voormalige Boererepublieke opgeneem in die Unie van Suid-Afrika wat 'n Dominium van die Engelse Statebond geword het, en in 1961 'n onafhanklike Republiek.

<sup>5</sup> Die Unie van Suid-Afrika het op 31 Mei 1910 tot stand gekom. Basoetoland (die latere Lesotho), Swaziland en Betsoeanaland (die latere Botswana), wat onder Britse gesag gestaan het, is nie by die Unie ingelyf nie.

13. Intussen het opeenvolgende Boere-Afrikanerregerings die verkeerdheid daarvan om verskillende volke onder een staatsgesag saam te bondel, besef. Daarom het hulle 'n beleid gevolg om die Swart volke na volledige selfbeskikking te lei in die dele van die land waar hulle histories gevestig het en grond besit het. Daar, in vaderlande van hul eie, het hulle uiteindelik volle politieke regte geniet.<sup>6</sup>
14. Lede van die Swart volke het van vroeg af as trekarbeiders en soekend na beskerming teen sterker stamme, 'n heenkome in die ontwikkelde en vooruitstrewende vaderland van die Boere-Afrikanervolk gesoek, waar hulle mettertyd in groot getalle gevestig en 'n nageslag voortgebring het. Toenemende agitاسie vir politieke regte — veral sedert die dekolonisasie van Afrika — tesame met 'n georkestreerde propagandaveldtog in die internasionale arena, het buitelandse moondhede, wie se oë gretig op die minerale rykdomme van Suid-Afrika gerig was, oorreed om druk op Suid-Afrika uit te oefen om aan die vreemde bevolking volle politieke regte in die Boere-Afrikanervolk se vaderland toe te staan.
15. Opeenvolgende leiers ná dr. H.F. Verwoerd het voor die druk begin swig en uiteindelik het die Regering van F.W. de Klerk finaal gekapituleer. Namate dit duidelik geword het dat De Klerk daarop afstuur om die politieke mag oor ons land aan 'n konglomeraat van volksvreemdes in Suid-Afrika oor te gee, het die Boere-Afrikanervolk se weerstand teen die regerende Nasionale Party toegeneem. As Staatspresident en leier van dié Party, het De Klerk die weerstand omseil deur beroepe vir 'n algemene verkiesing te ignoreer en later selfs tussenverkiesings in vakante setels af te skaf.
16. In plaas van verkiesings, het hy 'n bedrieglike en uiters ongelyke referendum uitgeroep waarin die kiesers se goedkeuring slegs gevra is vir die voortsetting van 'n hervormingsproses wat gemik was op die daarstelling van 'n nuwe Grondwet. Daar was hoe-genaamd geen goedkeuring gevra of gegee vir 'n magsoordrag aan vreemde volke oor óns land en volk nie.<sup>7</sup> Inteendeel het De Klerk die volk belowe om grondwetvoorstelle wat uit onderhandelinge sou voortspruit, vir goedkeuring aan hulle voor te lê, en indien hulle dit sou verwerp, sou daar "na die tekenbord teruggegaan word".
17. Die grondwetvoorstelle wat uit die onderhandelinge voortgekom het, was só radikaal dat De Klerk geweet het die volk sou dit nooit goedkeur nie. Gevolglik het hy nie sy belofte nagekom nie en eimagtig voortgegaan. Sy Presidensiële eed om "*die Grondwet en alle ander reg van die Republiek (te) gehoorsaam, eerbiedig, handhaaf en onderhou*" het hy verbreek deur in stryd met die land se Grondwet, in November 1993 'n "Nasionale Oorgangsraad" te skep wat besluite van die Kabinet as hoogste Uitvoerende Gesag kon veto, en in Januarie 1994 'n kieswet deur te voer waardeur die stemreg in ons vaderland gegee is aan vreemdelinge wat histories nooit aanspraak daarop gehad het nie.<sup>8</sup>
18. Op 27 April 1994 is 'n algemene verkiesing kragtens daardie kieswet gehou. Die uitkoms daarvan was voorspelbaar, en omdat die Boere-Afrikanervolk nie bereid was om mee te doen of erkenning te gee aan die prysgawe van sy vaderland nie, het 'n bedui-

---

<sup>6</sup> Die Republieke van Transkei, Ciskei, Bophuthatswana en Venda het tot stand gekom en ander nasionale state het selfregerende status geniet. Die regering van die RSA was bereid om aan hulle onafhanklikheid toe te staan, sou hulle daarom vra.

<sup>7</sup> Die stembrief het die volgende bewoording bevat: "*Is u ten gunste van die voortsetting van die Staatspresident se hervormingsproses wat op 2 Februarie 1990 begin is en gemik is op die daarstelling van 'n nuwe grondwet deur onderhandelinge.*" ("Do you support continuation of the reform process which the State President began on February 2, 1990, and which is aimed at a new constitution through negotiation").

<sup>8</sup> Die Kieswet waardeur stemreg in die Boere-Afrikaner se vaderland aan die lede van die Swart volke verleen is, is deur die Parlement gevoer in stryd met die bepaling van die Grondwet wat stemreg tot Blankes, Kleurlinge en Indiërs beperk het, elk vir sy eie Verteenwoordigende Raad.

dende deel van die volk nie aan daardie verkiesing of enige wat daarna gevolg het, deelgeneem nie.

19. Ons senior militêre- en polisieoffisiere, wat eens met ywer doeltreffend opgetree het teen die magte wat ons land en volk aan 'n Kommunistiese bestel wou onderwerp, het in hul roeping om ons volk se vryheid met die swaardmag te verdedig, gefaal. Uit misplaaste lojaliteit aan die regering van die dag het hulle die proses van politieke oorgawe aan die Kommunistiesgesinde magte beskerm en hulle verbind om die nuwe Regering te dien. Enkele volksgenote wat hulle met daad van geweld teen die oorgawe verset het, is gou deur die veiligheidsmagte opgeruim.
20. Lamgeslaan deur die politieke verraad, geïndoktrineer deur die media, verdeel deur onderlinge twiste en in die steek gelaat deur sy militêre leiers was die volk nie georganiseer en in staat om tot handeling oor te gaan en hom met geweld teen die magsoordrag te verset nie.
21. Sodoende is die politieke mag oor ons volk en ons vaderland aan vreemdelinge oorgegee; is ons vaderland as't ware deur die Swart volke gekoloniseer en is die nasionale vryheid en selfbeskikking van die Boere-Afrikanervolk vernietig. Dit is in skrilte kontras met die wordings- en vestigingsgeskiedenis van ons volk, wat nêrens 'n ander volk se vaderland gevat het om so 'n volk te onderwerp en oor hom te heers nie;<sup>9</sup> intendeel, die Boere-Afrikanervolk het die ander volke in Suid-Afrika se land en eiendom sodanig gerespekteer dat burgers onder sy gesag nooit toegelaat is om in hulle grondgebied eiendom te besit of daarop aanspraak te maak nie.<sup>10</sup>
22. Ons volk is nou in ons eie vaderland uitgelewer aan die getaloorwig en politieke wil van 'n konglomeraat van volksvreemdes, wat nie as volke nie, maar as 'n rasse-eenheid teen ons volk getel word. In die voorgegewe Suid-Afrikaanse "demokrasie" waar slegs getalle tel, het die Boere-Afrikanervolk geen vermoë om 'n wesenlike invloed op die politieke gang van sake uit te oefen nie. Veeleer bevind ons ons as ballinge in ons vaderland. Ons beleef dié bedeling nie as 'n demokrasie nie, maar as 'n diktatuur van 'n volksvreemde meerderheid waartoe ons nooit toegestem het nie en waarin ons teen ons sin gevange gehou word.
23. Soos meermale in ons verlede, berus die Boere-Afrikanervolk nie in die bloedlose verowering van ons vaderland nie.<sup>11</sup> Ofskoon ons voortgegaan het en steeds voortgaan om die wette van die land te gehoorsaam en belastings te betaal, het leiers en volksgenote ná die verkiesing van 1994 in geskrifte, verklarings, op vergaderings en uiteindelik deur middel van 'n Volkskongres<sup>12</sup> in die openbaar kennis gegee dat ons die politieke oorgawe nie aanvaar nie, dat ons ons aanspraak op ons vaderland nie prysgee nie en

---

<sup>9</sup> In die Manifest van Piet Retief, wat op 2 Februarie 1837 in *The Graham's Town Journal* gepubliseer is, het die Voortrekkers verklaar: "Ons sal geen volk molesteer nie en aan niemand die geringste eiendom ontnem nie; maar as ons aan geval word, sal ons onself ten volle geregtig ag om ons persoon en eiendom na die beste van ons vermoë teen elke vyand te verdedig."

<sup>10</sup> Die historiese ontwikkeling van grondbewoning en –besetting in Suid-Afrika vanaf 1652 – 2011 word omvattend beskryf in die boek *Omstrede land*, deur L Changuion en B. Steenkamp.

<sup>11</sup> Reeds op 8 Januarie 1806 het die Kaapse regering te Blaauwberg die Kaap verdedig teen die Britse invalsmag van genl. David Baird — helaas onsuksesvol — waarna die Kaap finaal deur Brittanje beset is. By Congella (23 Mei 1842), het die Voortrekkers die anneksasie van die Republiek Natalia met die wapen teengestaan; op 29 Augustus 1848 veg die Boere by Boomplaats teen die Britse anneksasie van die Vrystaat; op 16 Desember 1880 breek die Eerste Vryheidsoorlog uit om die Britse anneksasie van Transvaal ongedaan te maak en op 11 Oktober 1899 neem die Tweede Vryheidsoorlog 'n aanvang ter behoud van die Zuid-Afrikaansche Republiek se onafhanklikheid. Ná die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) is die vryheidstryd deur middel van die politiek gevoer om die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961 tot stand te bring.

<sup>12</sup> Die Volkskongres het plaasgevind op 17-18 November 1994 en die kongresreferate is in boekvorm gepubliseer: (A.E. Breytenbach (red.), *Ons sal opstaan...Referate gelewer tydens die Afrikaner-Volkskongres 17-18 November 1994*).

dat ons ons daartoe verbind om met alle geoorloofde middele en metodes tot ons beskikking te stry om ons nasionale vryheid te herwin.

### **Morele oorwegings**

24. Die Boere-Afrikanervolk se Westerse herkoms, sy eiesoortige geskiedenis, sy geestelike waardes, norme en opvattinge trek 'n radikale verskil tussen dié volk en die Afrika-konglomerasie met sy andersoortige ontwikkelingsgeskiedenis en geestesagtergrond. Dit is daarom in ons oë verkeerd en ongeregig om ons volk in een konstitusionele bestel met ander volke of 'n konglomerasie van volke saam te dwing en aan hulle te onderwerp. Derhalwe verklaar ons dat ons nie *kán* en nie *wil* deel wees van 'n gemeenskaplike nasie met ander volke binne dieselfde grondgebied nie.
25. Elke volk op aarde besluit self wat vir hom reg en verkeerd is en orden sy regstelsel en maatskaplike orde daarvolgens. Ons begrip van reg en verkeerd spruit uit ons geloof in God en ons verstaan van sy Woord, asook ons oorgeërfde Westerse godsdienste, kultuur en regsopvattinge. Volgens die algemene standaard van billikheid eis die Boere-Afrikanervolk dat dit ook vir ons gegun moet word om binne eie geografiese grense daaroor te besluit en onself daarvolgens te regeer.

### **Prinsipieel**

26. As volk glo en bely ons die oppergesag van die drie-enige God as die Skepper, Onderhouer, Herskepper en Voleinder van alle dinge. Daarom moet die Grondwet van die Boere-Afrikanervolk se land die oppergesag van God erken, en moet die wette wat ons bestaan reguleer, op die grondslag van Gods Woord berus, en nie op 'n sekulêre Grondwet wat God en sy Woord misken nie. Slegs dan kan die volk se morele waardes erkenning en beskerming geniet op alle vlakke van die volkslewe. Onderwerping aan 'n Grondwet wat beginsels en norme daarstel en wette voortbring wat in stryd is met ons godsdienstige en morele opvattinge, is onreg, en uit Bybelse oogpunt gesien, sonde.
27. Die owerheid en alle ander gesagsdraers ontleen hul gesag aan God, nie aan die mens en sy liberale demokrasie nie. Daarom eis die Boere-Afrikanervolk om regeer te word deur 'n owerheid wat die Woord van God gehoorsaam, volgens sy wet regeer en die volk tot orde en gehoorsaamheid aan sy Woord lei.
28. Soos enige ander volk op aarde sy eie nageslag wil opvoed volgens sy eie oorlewering en kultuur, is dit ook die plig, begeerte en reg van die Boere-Afrikanervolk om ons kinders in die Christelike geloof en tradisies van ons volk op te voed in 'n staatkundige en maatskaplike milieu wat dit ondersteun.

### **Juridies**

29. Die internasionale gemeenskap en die Volkereg erken alle volke se reg op selfbeskikking. Dié reg geld ook vir die Boere-Afrikanervolk.
30. Dié beginsel word reeds in die Handves van die Verenigde Nasies (VN) erken waar dit as doelwit gestel word "*om vriendskaplike verhoudinge tussen volkere te ontwikkel, gebaseer op respek vir die beginsel van gelyke regte en die selfbeskikkingsreg van volke*".
31. Voorts word dit spesifiek bevestig in die VN se *Internasionale Konvensie oor Burgerlike en Politieke regte*, wat in art. 1(1) bepaal "*alle volke het die reg op selfbeskikking. Uit*

*hoofde van daardie reg bepaal hulle vryelik hul politieke status en beywer hulle vryelik vir hul ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling",*

en in art. 2(2)

*"Waar daar nie reeds voorsiening voor gemaak word deur bestaande wetgewende of ander maatreëls nie, onderneem elke party tot die huidige Verdrag om, in ooreenstemming met sy konstitusionele prosesse en met die bepalings van hierdie Konvensie, die nodige stappe te neem om sodanige wetgewende en ander maatreëls aan te neem as wat nodig mag wees om uitvoering te gee aan die regte wat in die huidige Konvensie erken word."*

32. Verskeie ander Deklarasies en Resolusies van die VN, asook beslissings van die Internasionale Regspraak, weerspieël die internasionale gemeenskap se ondersteuning van volke se reg op selfbeskikking.

33. Die ANC-regering, wat tans die *de facto*-regering van Suid-Afrika is, het die voorge-noemde *Konvensie oor Burgerlike en Politieke regte* onderteken en sy verbintenis daartoe verder bevestig deur in die Grondwet van Suid-Afrika (art. 235) voorsiening te maak dat volke wat daarop aandring, selfbeskikking kan verkry. Dié artikel bepaal:

*"Die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel se reg op selfbeskikking soos in hierdie Grondwet vergestalt, belet nie, binne die raamwerk van dié reg, die erkenning nie van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taal-erfenis deel, op selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal."*

34. Omdat geen volk kan toelaat dat sy volksbestemming en lotgevalle bepaal word deur wetlike beperkings wat deur sy vyande opgestel is om hom in ewigdurende onderhorigheid te hou nie, verwerp ons enige vertolking van die Grondwet wat die reg tot soewereine vryheid vir die Boere-Afrikanervolk ontken of uitsluit.

35. **OP GROND VAN DIE VOORGENOEMDE GRONDE VERKLAAR DIE BOERE-AFRIKANERVOLK:**

- a. dat die volk 'n onvervreembare reg en 'n begeerte het om homself in 'n eie, soewereine staat te regeer; en
- b. verlang die volk dat aan dié reg deur 'n vredsamese en wettige proses voldoen moet word.
- c. Volksgenote wat hulle nie met hierdie aanspraak vereenselwig nie, se reg om hulle daarvan te distansieer, word gerespekteer, en hulle moet toegelaat word om vryelik 'n ander keuse ten opsigte van hul staatkundige verband en -lotgevalle uit te oefen. Hulle keuse mag egter nie hierdie aanspraak en die voldoening daaraan, enigsins aan bande lê nie, eweas wat hierdie aanspraak en eis hulle op geen wyse bind nie.
- d. Die volk eis dat die Regering van Suid-Afrika sonder versuim, in oorleg met die verkose verteenwoordigers van die Boere-Afrikanervolk, met die voorge-noemde proses sal begin om prakties uitvoering aan hierdie aanspraak en eis te gee,

by versuim waarvan die volk hom geoorloof ag om, binne die bepalings van die Volkereg, hom tot enige handeling te wend wat nodig geag mag word om die nasionale vryheid van die Boere-Afrikanervolk te herstel.

**Ons plaas ons lotgevalle met vertroue in die hande van die heilige God van hemel en aarde, aan Wie ons verbind is met die Geloofte wat ons vadere voor die veldslag by Bloedrivier afgelê het.<sup>13</sup> Ons glo dat Hy ons volk in aansyn geroep en vir ons 'n roeping en bestemming in hierdie land beskik het; en sou dit Hom behaag om ons volk weer vry te maak, sal die roem en die eer daarvoor aan Hom toekom.**

Onderteken te Paardekraal op 13 Oktober 2012.

A.E. Breytenbach (Voorsitter)

A.A. Malan

H. van de Graaf

B.P. Geldenhuys

F. Jooste

G.S. van Ronge

E.J. le Roux

J.C. Theron

I. van der Merwe

---

<sup>13</sup> "Mijne broeders en medelandgenoten, hier staan wij tans op een ogenblik voor een heilige God van hemel en aarde om een belofte aan Hem te beloven, als Hij met Zijn bescherming met ons zal wezen, en onze vijand in onze handen zal geven dat wij hem overwinnen, dat wij die dag en datum elk jaar als een verjaardag en een dankdag zoals een Sabbat in Zijn eer zal doorbrengen, en dat wij een tempel tot Zijn eer stichten zal, waar het Hem zou behagen, en dat wij het ook aan onzen kinderen zal zeggen, dat zij met ons erin moeten delen, tot gedachtenis ook voor onze opkomende geslachten. Want de eere van Zijn Naam daardoor zal verheerlijkt worden, dat de roem en eer van overwinning aan Hem zal worden gegeven."